- b) Die graad behoort die volgende vakke in te sluit: Psigometrika, Psigologiese evaluering (Psigometriese toetsing), Loopbaansielkunde, Navorsingsmetodologie en navorsingsverslag, Organisasie-ontwikkeling, Mensehulpbronstrategieë en Praktiese statistiek (STNN 124).
- c) Die student moes 'n minimum gemiddeld van 65% in die honneursgraad behaal het om te kwalifiseer om genooi te word na die keuringsproses.
- d) Die navorsingsvermoë van die student moet tot bevrediging van die skoordirekteur en die direkteur van die navorsingsentiteit wees. Studente wie se vermoëns in navorsingsmetodes (soos bepaal tydens die keuringsproses) as onvoldoende geag word, sal slegs toegelaat word tot die meestersprogram alvorens 'n navorsingsmetodologiekursus suksesvol voltooi is. (Welke kursus word deur Optentia beskikbaar gemaak of enige ander kursus tot bevrediging van die direkteur van die navorsingsentiteit).
- e) Voornemende studente moet ook 'n keuringsproses gerig tot die meting van die bevoegdhede daargestel vir sielkundiges deur die Raad op Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA), slaag. Hierdie keuringsproses sluit 'n bevoegdheidseksamen in Statistiek in. Studente wie se vermoëns in Statistiek as onvoldoende geag word, sal slegs tot die meestersprogram toegelaat word alvorens 'n Statistiekkursus suksesvol

voltooi word. Welke kursus word deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar gemaak.

V.9.1.13.6.2 **Studente van ander universiteite:**

- a) Enige ander student sal beoordeel word gebaseer op die uitkomste en inhoud van die program wat hulle studeer het by die spesifieke universiteit.
- b) Krediete vir voornemende studente mag oorweeg word op die basis van onderhoude, portefeuljes en/of toetse wat poog om empiriese leer, vaardighede en motivering te identifiseer.
- c) Diplomas of technikon-grade sal nie erken word nie.
- d) Enige ander graad buite Bedryfsielkunde sal nie oorweeg word vir toelating tot die meestersgraad nie.

V.9.1.13.6.3 **Samestelling van die kurrikulum: (103 171 – E851V)**

Modulekode	Beskrywende naam	Kt
IOPS873	Skripsie	100
IOPS874	Wetenskapberedenering	16
IOPS875	Mensontwikkeling	16
IOPS876	Professionele Bedryfsielkunde	16
IOPS877	Welstand	16
IOPS878	Toegepaste Berading	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

V.9.1.13.7 **KURRIKULUM: ARBEIDSVERHOUDINGSBESTUUR (103 186 – E827V)**

V.9.1.13.7.1 **SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

- a) 'n Student moet in besit wees van 'n relevante en toepaslike Honneurs BA- of Honneurs BComgraad of moet die status van 'n relevante en toepaslike Honneurs BA- of Honneurs BComgraad soos deur die Senaat goedgekeur, hê.
- b) Die student moes 'n gemiddeld van ten minste 65% in die relevante Honneurs BCom/BA behaal het. Die student se navorsingsvaardighede moet die skoordirekteur en die direkteur van die navorsingsarea/entiteit bevredig. Studente wie se vermoëns in navorsingsmetodes nie as voldoende beskou word deur die skool- en navorsingsdirekteure nie, sal slegs aanvaar word in 'n M-program ná die suksesvolle voltooiing van die fakulteit se kort kursusse in navorsingsmetodologie. Studente met 'n honneursgraad in Bedryfsielkunde wie, vir enige rede ookal, nie met 'n meestersgraad in Bedryfsielkunde mag voortgaan nie, sal slegs nadat hulle 'n voorlopige mondelinge eksamen tot die bevrediging van die vakhoof in Arbeidsverhoudingebestuur afgelê het toegelaat word om vir die meestersgraad in Arbeidsverhoudingebestuur in te skryf, op voorwaarde dat die akademiese vereistes vir die program nagekom is.

V.9.1.13.7.2 Spesifieke reël

Studente moet 'n verhandeling (180 krediete) skryf.

V.9.1.13.7.3 Samestelling van die kurrikulum: (103 186 – E827V)

Modulekode	Beskrywende naam	Kt
LARM871	Verhandeling	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

V.9.1.13.8 REëLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK (MMW) (G801V)

V.9.1.13.8.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

- 'n Student wat toegelaat word tot die program moet oor 'n honneurs-graad in Maatskaplike werk beskik of 'n vier-jaar B graad in Maatskaplik Werk.
- 'n Student se vorige akademiese prestasie sal oorweeg word tydens toelating .
- Studente wat registreer vir die program moet bewys lewer van registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepes soos vereis deur die Wet of Maatskaplike Diensberoepes 1978 (Wet 110 van 1978).
- Studente moet 'n toelatingsassessering aflê waarin die student 'n minimum van 65% moet behaal. Inligting kan verkry word by die vakhoof.

V.9.1.13.8.2 KURRIKULUM MAATSKAPLIKE WERK: VERHANDELING

- Skryf van 'n verhandeling oor 'n onderwerp van die student se keuse binne Fokusarea van die Vakgroep Maatskaplike werk en die Skool vir Gedragwetenskappe.

V.9.1.13.8.3 Kurrikulum uitkomst – Verhandeling

Die student moet instaat wees om

- 'n navorsingsprobleem in Maatskaplike werk te identifiseer wat in lyn is met die Navorsings fokusarea van die Skool vir Gedragwetenskappe en vakgroep Maatskaplike werk.
- formuleer en toepassing van 'n navorsing onderwerp en prosedure
- aanbied van die navorsingsresultate in die vorm van 'n hoë standaard verhandeling
- effektiewe samewerking in die navorsingproses met mede-navorsers, navorsingspanne, deelnemers and gemeenskappe.

V.9.1.13.8.4 Artikulering en uittreepunt

Die kwalifikasie stel die student in staat om toegelaat te word tot studies op doktrale vlak by enige Suid-Afrikaanse universiteit en moontlike oorsese opleidingsinstansies waar maatskaplike werk op nagraade vlak aangebied word.

V.9.1.13.8.5 Samestelling van die kurrikulum: (113 104 – G801V)

Modulekode	Beskrywende naam	Kt
MWKR871	Verhandeling	180
Krediet totaal van die kurrikulum		180

V.9.2 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM IN ONTWIKKELING EN BESTUUR**V.9.2.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR**

Die minimum duur vir die M.A.-kwalifikasie is een jaar, behalwe in gevalle waar die graad slegs deelyds gedoseer word, in welke geval die minimum duur twee jaar is. Die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die graad is drie (3) jaar, met dien verstande dat hierdie tydperk verleng kan word soos bepaal in Akademiese Reël 4.4.10.

V.9.2.2 TOELATING

- Toelating tot magisterstudie geskied in ooreenstemming met Akademiese Reël 4.2.
- 'n Honneursgraad in Openbare Bestuur en Ontwikkeling of gelykwaardige kwalifikasie.

V.9.2.3 PROGRAMME EN KURRIKULUMS

Die volgende programme word by die Vaaldriehoekampus aangebied: Program Magister in Ontwikkeling en Bestuur, kurrikulum Openbare Bestuur en Regering (verhandeling); Program Magister in Ontwikkeling en Bestuur, kurrikulum Waterstudies; en Program Ontwikkeling en Bestuur gedoseerde kurrikulum in Openbare Bestuur en Regering.

V.9.2.4 ARTIKULASIE

Na suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die Ph.D.-graad in Openbare Bestuur en Regering en in Politieke Studies.

V.9.2.5 KURRIKULUM: OPENBARE BESTUUR EN REGERING (L800V)**V.9.2.5.1 Spesifieke reëls**

- Die student skryf 'n verhandeling na afhandeling van die ter sake registrasieprosedure.

V.9.2.5.2 Samestelling van die kurrikulum: (103 137 – L800V)

Modulekode	Beskrywende naam	Kt
PUMA871	Openbare Bestuur en Regering (verhandeling)	180
Krediet totaal van die kurrikulum		180

V.9.2.6 KURRIKULUM: OPENBARE BESTUUR EN REGERING (195 100 - L865V)**V.9.2.6.1 Spesifieke reëls**

- 'n Student moet al die 16kt. modules voltooi.

- b) Een van die skripsies (MPGO873 óf MPGP873) moet voltooi word.

V.9.2.6.2 Samestelling van die kurrikulum (195 100 – L865V)

Modulekode	Beskrywende naam	Kt
MPGA817	Navorsingsmetodologie	16
DIMA811	Ramp Risiko Reduksie	16
MPGA815	Toegepaste Projekbestuur	16
MPGA822	Openbare finansiële bestuur	16
MPGO873	Openbare bestuur: (skripsie)	64
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

V.9.2.7 KURRIKULUM: WATERSTUDIES (195 100 – L874V)(faseer uit Des 2014)

V.9.2.7.1 Spesifieke toelatingsvereistes vir die kurrikulum

Honneurs (of gelykwaardige kwalifikasie) in Openbare Bestuur en Regering. Die getal studente wat toegelaat word, sal in ooreenstemming wees met die beskikbaarheid van kapasiteite en voldoening aan die minimum vereistes. Dit impliseer nie noodwendig outomatiese toelating nie.

V.9.2.7.2 Programuitkomste

Met die kennis wat met hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal leerders toegerus word om die bestuursfunksie in hul beroepe op gevorderde vlak te bemeester ten einde die komplekse Suid-Afrikaanse sosiale omgewing effektief te kan bestuur. Daar sal spesifiek op die volgende gefokus word:

- die konsep volhoubare sosiale ontwikkeling in Afrika asook binne die globale wêreld te kontekstualiseer;
- die filosofiese onderbou van volhoubare sosiale ontwikkeling te analiseer, te interpreteer en te kan toepas;
- geskikte gespesialiseerde teoretiese raamwerke en relevante metodologiese tegnieke binne bepaalde en geïntegreerde ontwikkelingsomgewings toe te pas;
- met verwerfde bestuursvaardighede sy/haar eie navorsing asook projekte effektief te kan beplan en bestuur;
- die etiese problematiek binne die ontwikkelingskonteks te verstaan, krities te beoordeel en dienooreenkomstig te handel

V.9.2.7.3 Artikulasie

Na suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan leerders toegelaat word tot die Ph.D-graad in Openbare Bestuur en Regering.

V.9.2.7.4 Samestelling van kurrikulum (195 100 – L874V)(faseer uit Des 2014)

Modulekode	Beskrywende naam	Kt
Verpligte modules		
SOCL811	Volhoubare ontwikkeling: teoretiese oriëntasie	16
MPMA 811	Metodologie	16
MPMA812	Publieke Bestuur	16
MPMA 814	Toegepaste projekbestuur	16
DIMA821	Ramp-risikovermindering	16
MPMA826	Prestasiebestuur	16
MSDW873	Skripsie: Waterstudies	64
Totale krediete van kernmodules		160
Waterstudies		
MSDW 821	Kulturele dinamika van water	16
MSDW 822	Geïntegreerde waterstudies	16
MSDW 823	Hidropolitiek	16
Totale krediete van keusemodules		32
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

V.9.2.8 KURRIKULUM: WATER STUDIES (195 100 – L881V)(faseer in Jan 2015)

Modulekode	Verpligte modules - beskrywende naam	Kt
MDMA 873	Skripsie	90
MPMB 811	Navorsingsmetodologie	15
SOCL 812	Volhoubare Ontwikkeling: Teoretiese Oriëntasie	15
MPMB 812	Openbare Bestuur	15
MSDW824	Kulturele Dinamika van Water	15
MSDW825	Geïntegreerde Waterstudies	15
MSDW826	Hidropolitiek	15
Totale krediete		180

V.9.3 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER EDUCATIONIS (MED)

Die navorsingmagistergraad kan verwerf word in een van die rigtings/programme in reël V.9.5.1.7 en kan voltyds of deelyds geneem word.

Alle magistergraadprogramme val binne die navorsingsfokusarea **Onderrigleerorganisasies** en moet 'n bydrae maak tot die ontwikkeling van die navorsingsfokusarea.

Die bepalings vir die magistergraad moet saamgelees word met die Akademiese Reëls van die Universiteit wat beskikbaar is op die Internet by: <http://www.nwu.ac.za>

V.9.3.1 NAVORSINGMAGISTERGRAAD

V.9.3.1.1 AARD EN DOELWITTE VAN DIE KWALIFIKASIE

V.9.3.1.1.1 Algemene doel

Die doel met die magistergraad is om toegewyde onderwysspesialiste akademies toe te rus en te vorm tot akademiese deskundigheid en uitmuntendheid om hulle roeping te vervul en in Suid-Afrika se behoefte aan hoëvlak opvoedkundige navorsers en besluitnemers te voorsien.

V.9.3.1.1.2 Spesifieke doel

Die spesifieke doel van die kwalifikasie is

- a) die bevordering van opvoedkundige deskundigheid en ontwikkeling van studente met 'n gevorderde en in diepte kennis en 'n kritiese ingesteldheid in een van die programme in V.9.5.1.7 om hulle daardeur in staat te stel om op 'n verantwoordelike en sinvolle wyse by te dra tot die verbetering van die onderwys op plaaslike en nasionale vlak deur leidende dienslewering (op middel- en hoëvlak); en
- b) studente se navorsingsvermoë en vaardighede so te ontwikkel dat hulle navorsing kan doen wat uitloop in die skryf van 'n verhandeling of navorsingsartikel(s).

V.9.3.1.2 TOELATINGSVEREISTES EN REGISTRASIE

V.9.3.1.2.1 Algemene toelatingsvereistes

- a) 'n Hons BEd in die rigting waarin die kandidaat wil registreer, plus een van die volgende:
- b) Minimum slaagpunte van 70% in die BEdHons word vereis. Verwys ook na Kapasiteitbepalings (V6.1)
- c) Enige ander erkende opvoedkunde-kwalifikasie wat tot 600 krediete optel (waarvan minstens 72 op NKF-vlak 7 of HOKF-vlak 8 is).
- d) Kandidate moet verder:
 - i) toegang tot 'n rekenaar hê
 - ii) rekenaarvaardig wees, en
 - iii) vaardig wees in die gebruik van Internet-bronne en databasisse.

- e) Aansoekers vanaf ander universiteite moet 'n toelatingstoets aflê wat gebaseer is op die navorsingsmodules van die Honneurs BEd graad. Om te kwalifiseer vir die MEd graad, moet 'n minimum van 70% in die toets behaal word.

V.9.3.1.3 ERKENNING VAN VORIGE LEER

Vorige leer soos erken deur die fakulteitsraad.

V.9.3.1.4 STUDIEPROGRAM

- i) 'n Student vir die magistergraad moet, behalwe waar anders besluit word deur die navorsingsdirekteur in oorleg met die skooldirekteur 'n goedgekeurde studieprogram volg binne die navorsingsfokusarea (A.7.3).
- ii) 'n Student wat tot die magistergraadstudie toegelaat is, moet 'n navorsingsvoorstel binne 6 maande na registrasie as student in oorleg met die navorsingsdirekteur en skooldirekteur vir goedkeuring aan die dagbestuur van die fakulteitsraad voorlê.
- ii) Indien 'n student in gebreke bly om die navorsingsvoorstel binne 6 maande vir goedkeuring voor te lê word die studie getermineer.

V.9.3.1.5 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimumduur van die studie vir hierdie kwalifikasie is een (1) jaar of die verwerwing van 240 krediete en die maksimumtydsduur vir die voltooiing van die graad is drie (3) jaar.

V.9.3.1.6 VERLENGING VAN STUDIETYDPERK

- a) 'n Student wat nie die studie binne die maksimumtydperk voltooi nie moet aan die einde van die derde jaar van die studie by die skooldirekteur aansoek doen om verlenging van die studietydperk met een akademiese jaar.
- b) 'n Aansoek om verlenging van die studietydperk moet in die vorm van 'n voorlegging wees, waarin aangedui word
 - i) dat die navorsingsonderwerp steeds relevant is;
 - ii) watter vordering daar reeds gemaak is;
 - iii) wat nog gedoen moet word om die studie af te handel; en
 - iv) of die studieleier nog beskikbaar is.
- c) Indien die studietydperk verleng word, sal dit toegestaan word teen 'n heffing wat van tyd tot tyd deur die Raad van die universiteit vasgestel word.

V.9.3.1.7 LYS VAN PROGRAMME

Program kode	Kurrikulum -kode	Beskrywende naam	Module-kode	Kt
403 120	0801V	Leer en onderrig	LEON871	240
403 122	0803V	Onderwysbestuur	ONWB871	240
403 123	0804V	Onderwysreg	ONWR871	240
403 124	0805V	Opvoedkundige Sielkunde	OPSK871	240
403 125	0806V	Vergelykende Opvoedkunde	VGLO871	240
403 127	0808V	Leerderondersteuning	OPSL871	240
403 128	0809V	Skoolvoorligting en -begeleiding	OPSS871	240

V.9.3.1.8 EKSAMINERING

Die eksamen vir die magistergraad bestaan uit 'n verhandeling of ('n) gepubliseerde navorsingartikel(s).

V.9.3.1.8.1 Benoeming van eksaminatore

Die benoeming van eksaminatore geskied ooreenkomstig Akademiese Reël 4.4.3.

V.9.3.1.8.2 Vereistes waaraan die verhandeling moet voldoen

- 'n Verhandeling moet bewys lewer dat die student met die metode van navorsing vertrou is.
- 'n Verhandeling moet ten opsigte van die tegniese vereistes voldoen aan die vereistes wat die fakulteitsraad daarvoor stel (4.4.2) en die Handleiding vir Nagraadse Studie.
- Indien 'n verhandeling in die vorm van ('n) gepubliseerde navorsings-artikel(s) of ('n) ongepubliseerde manuskrip(te) in artikelformaat aangebied word, en meer as een sodanige artikel of manuskrip(te) gebruik word, moet die verhandeling steeds in 'n eenheidsvorm, aangevul met 'n oorkoepelende probleemstelling, 'n toegespitste literatuurontleding en –integrasie en met 'n samevattende slotbespreking aangebied word.

V.9.3.1.8.3 Indiening van die verhandeling vir eksaminering

- 'n Verhandeling mag alleen vir eksaminering ingedien word met toestemming van die studieleier.
- 'n Verhandeling wat vir eksaminering ingedien is, kan nie deur die student of studieleier(s) aan eksaminering onttrek word nie.

V.9.3.1.8.4 Slaagvereistes

- 'n Verhandeling word geslaag as die student 'n punt van 50% behaal het.
- 'n Verhandeling word met onderskeiding geslaag indien die student 'n punt van ten minste 75% behaal het.

- c) 'n Student wat 'n verhandeling sak, mag hoogstens een keer aansoek doen om weer tot die magistergraadstudie aan die universiteit toegelaat te word, in welke geval 'n nuwe studie aangepak moet word (4.4.4.7 – 4.4.4.10).

V.9.3.1.9 TERMINERING VAN STUDIE

Die studie van 'n student kan getermineer word indien 'n student die maksimumduur van die studietydperk oorskry.

V.10 REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD)

Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat in V.6.4 (d) gelys word en wat hieronder in besonderhede beskryf word; dit word voltyds of deelyds geneem.

V.10.1 REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR (PHD)

V.10.1.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die minimum duur vir die graadstudie is twee akademiese jare en behoudens uitsonderings, hoogstens vier akademiese jare, met dien verstande dat hierdie tydperk verleng kan word soos bepaal in Akademiese Reël 5.4.10. Die studie kan op grond van onbevredigende vordering op aanbeveling van die Fakulteitsraad deur die Senaat beëindig word.

V.10.1.2 TOELATING

- a) Toelating tot doktorsgraadstudie geskied in ooreenstemming met Akademiese Reël 5.2.
- b) 'n Kandidaat moet beskik oor 'n magistergraad in die program waarvoor die kandidaat vir die PhD. wil registreer.

V.10.2 SKOOL VIR TALE

V.10.2.1 PROGRAM: AFRIKAANS EN NEDERLANDS

V.10.2.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

- a) Benewens die vereistes gestel in Akademiese Reël 5.2 van die Universiteit moet 'n student oor 'n magistergraad in Afrikaans en Nederlands of in Algemene Taal- en/of Literatuurwetenskap of 'n gelykwaardige kwalifikasie beskik.
- b) Die magistergraad wat toelating tot hierdie kurrikulum bied, moet met 'n gemiddelde punt van minstens 65% verwerf word. Studente wat nie 'n punt van 65% vir die toepaslike magistergraad verwerf het nie, kan aansoek doen om met die betrokke vakgroepvoorsitter, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid 'n onderhoud te voer.
- c) Voordat 'n student kan registreer vir 'n doktorsgraad, kan die direkteur van die navorsingseenheid in oorleg met die vakgroepvoorsitter van hom/haar verwag om by wyse van 'n tentamen en/of seminare bewys te lewer dat hy/sy tuis is op die hele terrein van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde of taalkunde, sowel as die teorie van die taal of literatuur.

V.10.2.1.2 Programuitkomst

Die onderstaande uitkomst is generies vir taalprogramme op hierdie vlak. Die uitkomst word in die verskillende programme verbesonder volgens die fokus van die program (taal- of letterkunde), die aard van die vak, die taal en die letterkunde wat bestudeer word.

Die student moet die vermoë demonstreer om -

- a) literêre of linguïstiese probleme op 'n kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos;

- b) kennis onafhanklik te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te ontleed, te integreer en gefundeerd te kan evalueer
- c) oorspronklike insigte tot die veld by te dra;
- d) die aard en inhoud van die letterkunde of taalkunde in Afrikaans en Nederlands te begryp;
- e) toepaslike literêre of linguistiese teorieë te kan beheers;
- f) toepaslike metodologieë vir die studie te kan identifiseer en te kan toepas;
- g) op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n ingeligte eie standpunt te kan formuleer;
- h) die probleem en bevindings van die studie in die breër sosiale en kulturele konteks en, waar toepaslik, binne 'n uitgesproke wêreldvisie te kan plaas; en
- i) die bevindings van die studie in toepaslike akademiese taal te kan aanbied.

V.10.2.1.3 Kurrikulum: Afrikaans en Nederlands (104 111 – L900V) (L900V – 104 111)

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
AFLL971	Proefskrif	360
Krediet totaal vir die kurrikulum		360

V.10.2.2 PROGRAM: ALGEMENE TAAL- EN LITERATUURWETENSKAP

V.10.2.2.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

- a) Benewens die vereistes gestel in Akademiese Reël 5.2 van die Universiteit moet 'n student oor 'n magistergraad in 'n taal of in Algemene Taal- en/of Literatuurwetenskap of 'n gelykwaardige kwalifikasie beskik. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die toepaslike studieleier, die direkteur van die navorsingseenheid en, indien nodig, die direkteur van die Skool vir Tale, wees met die oog op die voorgenome PhD-studie.
- b) Die magistergraad wat toelating tot hierdie kurrikulum bied, moet met 'n gemiddelde punt van minstens 65% verwerf word. Studente wat nie 'n punt van 65% vir die toepaslike magistergraad verwerf het nie, kan aansoek doen om met die toepaslike studieleier, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid 'n onderhoud te voer.

V.10.2.2.2 Programuitkomste

Die student moet die vermoë demonstreer om -

- a) literêre of linguistiese probleme op 'n kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos;
- b) kennis onafhanklik te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te ontleed, te integreer en gefundeerd te kan evalueer
- c) oorspronklike insigte tot die veld by te dra;

- d) die aard en inhoud van die letterkunde of taalkunde in Afrikaans en Nederlands te begryp;
- e) toepaslike literêre of linguistiese teorieë te kan beheers;
- f) toepaslike metodologieë vir die studie te kan identifiseer en te kan toepas;
- g) op grond van inhoudelike en teoretiese kennis 'n ingeligte eie standpunt te kan formuleer;
- h) die probleem en bevindings van die studie in die breër sosiale en kulturele konteks en, waar toepaslik, binne 'n uitgesproke wêreldvisie te kan plaas; en
- i) die bevindings van die studie in toepaslike akademiese taal te kan aanbied.

V.10.2.2.3 KURRIKULUM: ALGEMENE TAAL- EN LITERATUURWETENSKAP (104 128 – L901V)

V.10.2.2.3.1 Spesifieke reëls

- a) Studente skryf 'n proefskrif (360 krediete) in hierdie kurrikulum.
- b) Na goedkeuring van die titel van die proefskrif deur die betrokke Navorsings Direkteur, word dit op aanbeveling van die betrokke Skool Direkteur, finaal deur die Fakulteitsraad goedgekeur.

V.10.2.2.3.2 Samestelling van die kurrikulum: (104 128 – L901V)

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
ATLW971	Proefskrif	360
Krediet totaal vir die kurrikulum		360

V.10.2.3 PROGRAMME: ENGLISH

V.10.2.3.1 Specific admission requirements

Apart from the requirements stated in Rule 5.2 of the University, only students who obtained 65% or more in the preceding MA study will be considered for admission to PhD study in English. Students who did not obtain this required minimum may arrange for a joint interview with the chairperson of the subject group, and the director of the research unit.

V.10.2.3.2 Programme outcomes

The student must demonstrate the ability to

- a) identify and solve literary or linguistic problems in a critical and creative manner;
- b) acquire, master, apply, analyse, and integrate knowledge independently, as well as evaluate it in a principled and well-grounded manner;
- c) contribute original insights to the field;
- d) understand the nature and content of English literature or linguistics;
- e) master appropriate literary or linguistic theories;

- f) identify and apply appropriate methodologies for the study;
- g) formulate an informed viewpoint based on subject specific and theoretical knowledge;
- h) situate the problem and findings of the study in their broader societal and cultural context and within an articulated word view if and where appropriate; and
- i) present the findings of the study in appropriate academic language.

V.10.2.3.3 CURRICULUM: ENGLISH (104 138 – L905V) (L905V – 104 138)

V.10.2.3.3.1 Specific rules

- a) Students only write a thesis (360 credits) in this curriculum.
- b) The title of the thesis, after it has been approved by the relevant research director, is finally approved by the Faculty Board on recommendation of the relevant school director.

V.10.2.3.3.2 Samestelling van die kurrikulum: (104 138 – L905V) L905V – 104 138

Modulekode	Beskrywende naam	Kt
ENLL971	Proefskrif	360
Krediet totaal van die kurrikulum		360

V.10.2.4 PROGRAM: SESOTHO

V.10.2.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes

Afgesien van die vereistes wat in Akademiese Reël 5.2 van die Universiteit gestipuleer word, sal slegs studente wat 65% of meer in die voorafgaande MA-studie behaal het oorweeg word vir toelating tot 'n PhD-studie in Sesotho. Studente wat nie aan hierdie minimum vereiste voldoen nie, mag 'n gesamentlike onderhoud met die voorsitter van die vakgroep en die navorsingdirekteur reël.

V.10.2.4.2 Programuitkomste

Die student moet oor die vermoë beskik om

- a) letterkundige of linguistieke probleme op 'n kritiese en kreatiewe wyse te identifiseer en op te los;
- b) kennis op 'n onafhanklike wyse te bekom, te bemeester, toe te pas, te analiseer en te integreer, asook om dit op 'n beginselvaste en gegronde wyse te evalueer;
- c) oorspronklike insigte tot die veld by te dra;
- d) die aard en inhoud van Sesotho letterkunde of linguistiek te verstaan;
- e) toepaslike letterkundige of linguistieke teorieë te bemeester;
- f) toepaslike metodologieë vir die studie te identifiseer en toe te pas;

- g) 'n ingeligte perspektief te formuleer wat gebaseer is op vakspesifieke en teoretiese kennis;
- h) die probleem en bevindings van die studie in hulle breër sosiale en kulturele konteks en in 'n geartikuleerde woordbeskouing, wanneer en waar van toepassing, te plaas; en
- i) die bevindings van die studie in toepaslike akademiese taal aan te bied.

V.10.2.4.3 KURRICULUM: SESOTHO (104 125 – L932V)

V.10.2.4.3.1 Spesifieke reëls

- a) Studente skryf slegs 'n proefskrif (360 krediete) in hierdie kurrikulum.
- b) The titel van die proefskrif, nadat dit deur die relevante navorsingsdirekteur goedgekeur is, word finaal op aanbeveling van die relevante skooldirekteur deur die Fakulteitsraad goedgekeur.

V.10.2.4.3.2 Samestelling van die kurrikulum: (104 125 – L932V)

Modulekode	Beskrywende naam	Kt
SSLL971	Proefskrif	360
Krediet totaal van die kurrikulum		360

V.10.2.5 PROGRAM: TAALPRAKTYK

V.10.2.5.1 Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die vereistes gestel in Akademiese Reël 5.2 van die Universiteit, moet die magistergraad wat toelating tot hierdie kurrikulum bied, met 'n gemiddelde punt van minstens 65% verwerf word. Studente wat nie 'n punt van 65% vir die toepaslike magistergraad verwerf het nie, kan aansoek doen om met die toepaslike studieleier, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingsfokusarea (UPSET) 'n onderhoud te voer.

V.10.2.5.2 Programuitkomst

Die student moet

- a) beskik oor sistematiese en omvattende kennis van historiese en kontemporêre ontwikkelinge in taalpraktyk breedweg, en oor gesofistikeerde en gespesialiseerde kennis van 'n area op die voerpunt van navorsing in die dissipline, 'n subdissipline, of die taalprofessies
- b) beskik oor 'n samehangende en kritiese insig met betrekking tot die teorieë, navorsingsmetodologie en -tegnieke relevant tot 'n spesifieke spesialisingsrigting in die taalpraktyk, en in staat wees om gevorderde kontemporêre navorsing in 'n spesifieke spesialisingsrigting krities te evalueer en aan huidige debatte deel te neem
- c) in staat wees om epistemologies na te dink oor teoretiese beginsels en debatte binne 'n spesifieke taalpraktykveld, en om teorie en praktyk in verband te bring

- d) die navorsingsmetodes, -tegnieke en -tegnologie wat relevant is tot die spesialisingsrigting bemeester, en sodanige metodes, tegnieke en tegnologie kan kies en toepas om 'n bepaalde probleem te ondersoek
- e) in staat wees om komplekse, werklike probleme en situasies wat verband hou met 'n spesialisingsveld in taalpraktyk te kan identifiseer en te analiseer deur middel van innoverende en oorspronklike teoretiese en logiese argumentvoering, sowel as kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing waar van toepassing
- f) in staat wees om kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting met betrekking tot 'n spesifieke onderwerp in taalpraktyk op gesofistikeerde wyse te kan identifiseer, versamel, krities analiseer, sintetiseer en onafhanklik evalueer, deur gebruik te maak van verskeie tipes hoëvlak akademiese en professionele bronne
- g) in staat wees om akademies-professionele werk coherent te kommunikeer deur die konvensies van akademiese diskoers toe te pas in die skryf van 'n tesis, en om kommunikasie-strategieë aan te pas om effektief te kan kommunikeer met 'n verskeidenheid gehore in verskillende kontekste
- h) toegewyd wees tot 'n proses van lewenslange leer, spesifiek met betrekking tot sosiale, ekonomiese, politieke en tegnologiese ontwikkelinge in die taalprofessies.

V.10.2.5.3 KURRIKULUM: TAALPRAKTYK (104 126 – L934V)

V.10.2.5.3.1 Spesifieke reëls

- a) Studente skryf net 'n proefskrif (360 krediete) in hierdie kurrikulum.
- b) Die titel van die proefskrif word finaal goedgekeur deur die Fakulteitsraad op aanbeveling van die relevante skooldirekteur, nadat dit deur die relevante navorsingsdirekteur goedgekeur is.

V.10.2.5.3.2 Samestelling van die kurrikulum: (104 126 – L934V)

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
LPRA971	Proefskrif	360
Krediet totaal vir die kurrikulum		360

V.10.3 SKOOL VIR BASIESE WETENSKAPPE

V.10.3.1 Kurrikulums

In oorleg met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die student vir een van die volgende:

Kwalifikasie kodes	Kurrikulum kodes	Module-kodes	Beskrywende name	Kt
104 114	L901V	HIST971	Geskiedenis	360
104 127	L900V	PUMA971	Publieke Bestuur en Regering	360
104 119	L942V	MSDW971	Waterstudies	360
104 124	L906V	BYBL971	Bybelkunde / Teologie	256

V.10.3.2 PROGRAM: POLITIEKE STUDIES

V.10.3.2.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

- Benewens die vereistes gestel in Akademiese Reël 5.2 van die Universiteit moet 'n student oor 'n magistergraad in Politieke Studie of 'n gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met 'n minimum punt van 60% geslaag is.
- Studente wat nie oor hierdie minimumvereistes beskik nie, kan by die navorsingsdirekteur aansoek doen om 'n onderhoud deur 'n paneel. Die paneel word saamgestel deur die navorsingsdirekteur en die paneel sal op grond van die onderhoud en ander oorewegings wat as relevant beskou word, toelating kan oorweeg.
- 'n Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Skool. Alle aansoeke sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.

V.10.3.2.2 Programuitkomste

Die student sal daartoe in staat wees om navorsing op gevorderde vlak te kan onderneem en om op die hoogste vlak wetenskaplik daarvoor verslag te kan doen. Met die kennis wat met hierdie program opgedoen sal word, sal die student ook beter toegerus wees om sy/haar beroep met vertroue te beklee en om op gevorderde vlak die verwikkelde Suid-Afrikaanse sosiale spektrum beter te kan verstaan.

V.10.3.2.3 Samestelling van die kurrikulum: (104 120 – L901V)

Modulekode	Beskrywende naam	Kt
POLS971	Politieke Studies (Proefskrif)	360
Krediet totaal vir die kurrikulum		360

V.10.4 SKOOL VIR GEDRAGSWETENSKAPPE

V.10.4.1 Kurrikulums

In oorlog met die skool- en navorsingsdirekteure, registreer die student vir **een** die volgende:

Kwalifikasie kodes	Kurrikulum kodes	Module kodes	Beskrywende name	Kt
506 127	E920V	IOPS971	Bedryfsielkunde	360
805 108	G921V	MWKN971	Maatskaplike werk	360
805 110	G931V	PSYC971	Psigologie	360
104 121	L951V	SOCL971	Sosiologie	360
506 136	E923V	LARM971	Arbeidsverhoudinge Bestuur	360

V.10.4.2 PROGRAM: ARBEIDSVERHOUDINGE BESTUUR

V.10.4.2.1 Toelatingsvereistes:

- a) Die student se navorsingsvaardighede moet tot die bevrediging van die skoordirekteur en die direkteur van die navorsingsarea/entiteit wees.
- b) Studente wie se vermoëns in navorsingsmetodes nie as voldoende beskou word deur die skool- en navorsingsdirekteure nie, sal slegs aanvaar word in 'n PhD-programme ná die suksesvolle voltooiing van die fakulteit se kort kursusse in navorsingsmetodologie.
- c) Deelydse studente mag vir die PhD-graad registreer nadat 'n navorsingsvoorlegging deur die skool aanvaar is en indien 'n promotor beskikbaar is vir die studie.
- d) 'n Student moet 'n relevante en toepaslike M-graad of die status van 'n relevante en toepaslike M-graad hê soos deur die fakulteitsraad en die senaat goedgekeur. Die studieveld moet deur die relevante skoordirekteur en navorsingsdirekteur goedgekeur word.

V.10.4.2.2 Samestelling van die kurrikulum: (506 136 – E923V)

Modulekode	Beskrywende naam	Kt
LARM971	Arbeidsverhoudinge Bestuur (Proefskrif)	360
Krediet totaal van die kurrikulum		360

V.10.4.3 PROGRAM: BEDRYFSIELKUNDE

V.10.4.3.1 Toelatingsvereistes:

Voornemende studente in *Bedryfsielkunde* behoort te beskik oor 'n meestersgraad in Bedryfsielkunde. 'n Gemiddeld van 60% vir die meestersgraad is 'n voorvereiste vir PhD-keuring. Alle aansoekers is onderhewig aan 'n keuringsproses gebaseer op die student se CV en 'n

geskeduleerde onderhoud waartydens die voornemende navorsingstudie van die student bespreek sal word.

V.10.4.3.2 Samestelling van die kurrikulum: (506 127 – E920V)

Modulekode	Beskrywende naam	Kt
IOPS971	Bedryfsielkunde (Proefskrif)	360
Krediet totaal van die kurrikulum		360

V.10.4.4 PROGRAM: MAATSKAPLIKE WERK (G921V) PhD (MW)

Die kwalifikasie stel die student in staat om toegelaat te word tot studies op doktorsvlak by enige Suid-Afrikaanse universiteit en moontlike oorsese opleidingsinstansies waar maatskaplike werk op nagraade vlak aangebied word.

Die kurrikulumsamestelling van hierdie program is van 'n akademiese aard. Dit bied die geleentheid vir die ontwikkeling van gespesialiseerde en gevorderde kennis en behoort die gekwalifiseerde student in staat te stel om hom/haarself te onderskei as 'n leier en navorser op die gebied van Maatskaplike Werk.

V.10.4.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Toelating tot hierdie program/kurrikulum geskied na voltooiing van die Magistergraad in Maatskaplike Werk en met inagneming van die student se vorige akademiese prestasie;

- Studente wat vir hierdie program/kurrikulum inskryf, moet bewys lewer van registrasie as maatskaplike werker ingevolge die Wet op Maatskaplike Diensberoep (Wet 110 van 1978).
- Die student selekteer 'n onderwerp in oorleg met die vakhoof en sy/haar promotor met die voorbehoud dat die onderwerp sal ressorteer binne die goedgekeurde fokusarea van beide die Vakgroep Maatskaplike Werk en die Skool vir Gedragwetenskappe;
- Studente moet 'n toelatingsassessering aflê waarin die student 'n minimum van 65% moet behaal. Inligting kan verkry word by die vakhoof.

V.10.4.4.2 Samestelling van die kurrikulum: (805 108 – G921V) G921V – 805 108

Modulekode	Beskrywende naam	Kt
MWKN971	Proefskrif	360
Krediet totaal vir die kurrikulum		360

V.10.4.4.3 Kurrikulumuitkomst

Die student sal vaardig wees in:

- die benutting van die ekosisteembenadering in die uitbreiding en bevordering van maatskaplikewerk-kennis;
- die identifisering van 'n navorsingsprobleem van 'n hoogs gekompliseerde aard in die veld van maatskaplike werk waarvan die oplossing kan bydra tot die uitbreiding van die maatskaplikewerk se kennisbasis;

- c) die formulering en toepassing van 'n gepaste navorsingsontwerp en prosedure;
- d) die analisering en toepassing, interpretasie en kritiese evaluering van navorsingsverwante data;
- e) die aanbieding en verslagdoening oor die navorsingsdata in die vorm van 'n proefskrif van hoë gehalte; en
- f) die verspreiding van die nuut verworwe kennis aan maatskaplike werkers en ander relevante rolspelers.

V.10.4.4.4 Artikulering en uittreepunt

Die kwalifikasie stel die student in staat om toegelaat te word tot post-doktorale programme by oorsese universiteite.

V.10.5 SKOOL VIR OPVOEDKUNDIGE WETENSAPPE

V.10.5.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

- a) 'n Magistergraad in die rigting waarvoor die kandidaat vir die PhD wil registreer.
- b) 'n Slaagvereiste van 65% in die navorsingsmagistergraad.
- c) 'n Slaagvereiste van 65% in die gestruktureerde magistergraad. Verwys ook na Kapasiteitbepalings (V6.1).
- d) Kandidate moet verder
 - i) oor 'n rekenaar beskik en
 - ii) rekenaargeletterd wees, en
 - iii) vaardig wees in die ontsluiting van Internetbronne en databasisse.
- e) Aansoekers vanaf universiteite ander as die NWU moet 'n toelatings toets aflê gebaseer op die navorsingsmodules van die graad van Opvoeding. 'n Toelatingsvereiste van 70% moet behaal word in die toets om te kwalifiseer vir die PhD graad.

V.10.5.2 PROGRAMME EN KURRIKULUMS

V.10.5.2.1 Programuitkomste

Die doel van die doktorsgraadprogram is om te voorsien in Suid-Afrika se behoeftes aan toegewyde en hooggespesialiseerde onderwysnavorsers wat bemaagtig is om oorspronklike navorsing te doen, deur óf die ontdekking van nuwe kennis óf die beoefening van kritiese vermoë 'n besliste wetenskaplike bydrae te maak tot die kennis en verstaan van een van die ondergenoemde spesialiseringsterreine; en om op 'n verantwoordelike en sinvolle wyse by te dra tot die verbetering van onderwys op plaaslike, nasionale en internasionale vlak.

V.10.5.2.2 Lys van programme

Program kodes	Kurrikulum-kodes	Beskrywende nams	Module-kodes	Kt
404 110	0901V	Leer en onderrig	LEON971	384
404 112	0903V	Onderwysbestuur	ONWB971	384
404 113	0904V	Onderwysreg	ONWR971	384
404 114	0905V	Opvoedkundige Sielkunde	OPSK971	384
404 115	0906V	Vergelykende Opvoedkunde	VGLO971	384
404 117	0908V	Leerderondersteuning	OPSL971	384
404 118	0909V	Skoolvoorligting en -begeleiding	OPSS971	384

V.11 MODULE-UITKOMSTE VAN NAGRAADSE MODULES

Die module-uitkomst van honneurskurrikulums wat deur die Vaaldriehoekcampus aangebied word, word hier gelys. Module-uitkomst wat nie hier verskyn nie, kan in die studiegids vir die betrokke module gevind word.

MODULEKODE: AFLL671	SEMESTER 1 & 2	NKR-VLAK: 8	KREDIETE: 24
TITEL:AFRIKAANSE POËSIE: POËSIE EN INTERTEKS			
<p>Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student oor 'n deeglike kennis van en insig in die kompleksiteit van die genre van die poësie te beskik; in staat te wees om poëtiese style en tegnieke op gevorderde vlak te kan beskryf, analiseer, interpreteer en evalueer; kennis en insig te toon in die oeuvres van belangrike Afrikaanse digters; die intertekstuele aard van die poësie te begryp en kan verreken in komplekse interpretasies; verskillende literêre teorieë te kan gebruik om poëtiese tekste te interpreteer; en van hulle kennis en insig verslag te kan doen in referate wat as wetenskaplike verslae teoreties, vakinhoudelik en vormlik van hoë gehalte is soos wat op nagraadse vlak verwag word.</p>			
MODULEKODE: AFLL672	SEMESTER 1 & 2	NKR-VLAK: 8	KREDIETE: 24
TITEL:AFRIKAANSE VERHALENDE TEKSTE			
<p>Na afloop van hierdie module behoort studente die literêr-historiese ontwikkelinge in die Afrikaanse prosa van die begin van die twintigste eeu tot die hede te ken en verstaan en resente tendense kan beskryf en verduidelik; 'n gevorderde narratologiese analise van enige verhalende teks te kan maak en die resultaat van die analise met behulp van verskeie teoretiese raamwerke kan interpreteer; in staat te wees om teorie en teksanalise te integreer en kontekstualiseer; die verskyningsvorme van estetiese werkswyses in die Afrikaanse prosa te kan aantoon en bespreek; te kan deelneem aan 'n debat oor waardes na aanleiding van die gesprek tussen tekste en werklikheid en waardesisteme wat sluit die vermoë om 'n eie siening en evaluering van 'n verhalende teks te vorm en te verwoord; en 'n goed gestruktureerde wetenskaplike referaat te kan skryf waarin die beskrywing, analise, interpretasie, vergelyking en evaluering van tekste sowel teoreties begrond as gekontekstualiseer aangebied word.</p>			
MODULEKODE: AFLL674	SEMESTER 1 & 2	NKR-VLAK: 8	KREDIETE: 24
TITEL:TEMAS UIT DIE NEDERLANDSE LETTERKUNDE			
<p>Na afloop van hierdie module behoort studente die Nederlandse literatuur te geniet en entoesiasies te wees oor die venster wat dit oopmaak op die Nederlandstalige wêreld; die basiese lyne van die Nederlandse literatuurgeskiedenis te ken en kan verduidelik en die bestudeerde werke en outeurs in hulle literêr-historiese konteks kan plaas; sekere eksemplariese werke, outeurs, temas en probleme uit die Nederlandse letterkunde ondersoekend te kan benader, ontleed en interpreteer; die gekose werke, outeurs en probleme met die Suid-Afrikaanse situasie en die Afrikaanse letterkunde te kan vergelyk; en teoretiese konsepte vrugbaar te kan gebruik in en deur die studie van die gekose werke, outeurs en temas.</p>			
MODULEKODE: AFLL679	SEMESTER 1 & 2	NKR-VLAK: 8	KREDIETE: 32
TITEL:NAVORSINGSMETODOLOGIE EN SKRIPSIE			
<p>Na afloop van hierdie module moet studente kan demonstreer dat hulle bekwame navorsers is, wat beteken dat hulle verskillende sienings van navorsing moet kan beskryf en kan toepas; die navorsingsproses moet kan beskryf en in hulle eie navorsing moet kan toepas; 'n eie projek moet kan ontwerp en 'n navorsingsvoorstel daarvoor moet kan skryf; die projek volgens goeie navorsingspraktyk moet kan uitvoer om betroubare resultate te kan bereik; en 'n behoorlike essay (of navorsingsverslag van die projek) moet kan skryf. In hierdie module skryf die student ook 'n skripsie wat voldoen aan gespesifiseerde vereistes.</p>			

MODULEKODE: AFLL673	SEMESTER 1 & 2	NKR-VLAK: 8	KREDIETE: 24
TITEL:TAAL EN SAMELEWING			
Na afloop van hierdie module behoort die student in staat te wees om die basiese terminologie van die sosiolinguistiek en taalsosiologie te definieer en te gebruik; om die oorsake van taalvariasie te identifiseer en verklaar; om die dataversamelingstegnieke van die sosiolinguistiek te verduidelik en self toe te pas in navorsingsprojekte; om die data-interpretasiemetodes van die sosiolinguistiek te verduidelik en self toe te pas in navorsingsprojekte; om primêre navorsingsliteratuur selfstandig te bestudeer en interpreteer; om 'n navorsingsprojek te beplan en uit te voer; om resultate van 'n navorsingsprojek op gepaste wyses in geskrewe en gesproke media te kommunikeer; om die standpunte oor die standaardisering van Afrikaans te identifiseer, verduidelik, sintetiseer en 'n eie gemotiveerde standpunt te formuleer; en om die Suid-Afrikaanse taalbeleid te verduidelik.			
MODULEKODE: AFLL674	SEMESTER 1 & 2	NKR-VLAK: 8	KREDIETE: 24
TITEL:TEKSSTUDIE EN TEKSLINGUISTIEK			
Na afloop van hierdie module behoort die student in staat te wees om die basiese teoretiese uitgangspunte van die tekslinguistiek te kan beheers; om die insigte van die tekslinguistiek op gekose tekste te kan toepas; om hom/haar te kan verantwoord oor die geldigheid van 'n goeie "teks" al dan nie; en om 'n selfstandige werkstuk oor 'n gekose onderwerp te skryf waarin die beginsels die tekslinguistiek duidelik geïllustreer word.			
MODULEKODE: APLS 674	SEMESTER 1 & 2	NKR-VLAK: 8	KREDIETE: 24
TITEL:TOEGEPASTE LEERONDERSTEUNING			
Na voltooiing van hierdie module behoort leerders toegerus te word met: <ul style="list-style-type: none"> • 'n breë en in-diepte kennis en begrip van die diverse leerbehoefes (leerhindernisse) in 'n verskeidenheid kontekste (skool, klaskamer, huis, gemeenskap) wat leerondersteuning mag vereis, in terme van leer-, emosionele, sosiale en kontekstuele ondersteuning; • 'n hoë vlak van bevoegdheid om verskeie ondersteuning benaderings en tegnieke toe te pas in 'n verskeidenheid kontekste (skool, klaskamer, huis, gemeenskap); • die vaardighede om verskeie ondersteuning benaderings en tegnieke toe te pas om leerders met hindernisse tot leer te ondersteun; • geïntegreerde kennis en vaardighede om 'n ondersteuningsprogram vir 'n verskeidenheid van leerbehoefes of hindernisse wat leerders mag ervaar daar te stel; • 'n hoë vlak van bevoegdheid in die toepassing van spesifieke ondersteuningsprogramme; • 'n toepaslike professionele houding teenoor etiese beginsels wat verband hou met die leerondersteuning van leerders wat hindernisse tot leer ervaar. 			
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds			
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50 % Skryflike eksamen 50 %			
MODULEKODE: IOPS611	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8	KREDIETE: 8
TITEL:PSIGOMETRIKA			
Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> • die implikasies (bv. etiek en regverdigheid) betrokke in psigometriese toetsing van menslike hulpbronne te ken en verstaan; • die onderliggende beginsels van ontwikkeling, evaluering en toepassing van psigometriese metingsinstrumente wat gebruik word in die werkplek vir diagnoses, prognoses en die voorspelling van werk verwante gedrag, te verstaan; • psigometrika, toetsing en assessering wat die proses van toetsing vorm en ondersteun te ken en verstaan; toetsing op 'n professionele en etiese wyse te gebruik deur goeie toetsbeginsels te volg; die kontekstuele kennis en vaardighede (wat betref die diverse kliënt populasies wat geëvalueer kan word) toe te pas.			

MODULEKODE: IOPS612	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8	KREDIETE: 8
TITEL:PSIGOLOGIESE EVALUERING			
Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:			
Module uitkomst: Die student behoort in staat te wees om wetenskaplik-gefundeerde kennis in te samel rakende geselekteerde temas in die Wêreldgeskiedenis, en om die samehang van verwante kwesies uit te wys met die nodige insig; om historiese kwessies te identifiseer, ontleed en te evalueer as platform vir die hantering van uitdagings. Die noodsaak van lewenslange leer by die student is van allerbelang, asook om 'n standpunt in te neem en uit te spreek vanuit 'n persoonlike raamwerk.			
MODULEKODE: HIST 871	JAARMODULE	NKR-VLAK: 9	KREDIETE: 180
TITEL: VERHANDELING			
Module uitkomst: Die student moet in staat wees om gevorderde navorsing te onderneem rakende aspekte verwant aan die Geskiedenis en om daarvoor verslag te doen op 'n wetenskaplik-gefundeerde wyse. Hierdie meestersgraad sal die student voorberei vir doktorsale studies in 'n verwante of ander gevorderde tema			

MODULEKODE: HIST971	JAARMODULE	NKR-VLAK:10	KREDIETE:360
TITEL: GESKIEDENIS TESIS			
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort 'n kandidaat in staat te wees om 'n navorsingsprojek (die titel, probleem, doelwitte en 'n sentrale teoretiese stelling) te kan formuleer; 'n omvattende en sistematiese begrip van die onderliggende teorie met betrekking tot die onderwerp te kan artikuleer; 'n kritiese begrip te verkry van die mees gevorderde navorsingsmetodologie en tegnieke en die onderneming van navorsing waaronder die rapporteer van literatuur; die maak van sinvolle gevolgtrekkings gebaseer op die bevindinge verkry deur die toepassing van die historiese navorsingsmetodiek en oorweging van die navorsingsresultate op 'n logiese wyse; die genoegsame gebruik van 'n verskeidenheid van bronne in die navorsingsproses; navorsingsresultate effektief en volgens 'n verbruikersvriendelike styl aan te bied; asook gerig te wees op die lewering van 'n oorspronklike bydrae tot die terrein van Historiese Studies.			
MODULEKODE: HOMV671	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7	KREDIETE: 8
TITEL: HOMILETIK			
Die student moet in staat wees om trinitariese prediking te omskryf en die elemente daarvan aan te du; die elemente van indikatief, imperatief en belofte in 'n preek te omskryf en toe te pas; doelwitgerigte prediking te definieer en toe te pas; hoof kommunikasie-elemente in die oordrag van 'n preek aan te dui; vereistes vir 'n preek in 'n postmoderne tyd aan te dui.			
MODULEKODE: HPGA611	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7	KREDIETE: 16
TITEL: METODOLOGIE			
Die student sal in staat wees om 'n motiveringsvoorlegging in die lig van 'n geldige navorsingsprobleem te konstrueer; 'n aantal geldige en toepaslike sosiaal wetenskaplike navorsingstegnieke en metodes te kan gebruik en toepas; die aard van wetenskaplike kennis te verstaan en te kan beskryf.			
MODULEKODE: HPGA616	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7	KREDIETE: 16
TITEL: OPENBARE FINANSIËLE BESTUUR			
Die student moet kennis hê van die interpretasie van finansiële beleid; in staat wees om strategiese beplanning met 'n begroting verband te bring; in staat wees om 'n model vir die bestuur van belasting en verpligtinge te ontwerp en so 'n model toe te pas op die gebiede van risikobestuur, aankopebestuur, batebestuur en interregeringsfiskale verhoudings.			
MODULEKODE: HPGA617	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7	KREDIETE: 16
TITEL: OPENBARE PRESTASIEBESTUUR			
Die student moet in staat wees om te die beginsels van goeie regering te verduidelik, naamlik deelname, regstaatlikheid, gelykheid en inklusiwiteit, verantwoording en effektiwiteit; die student moet weet wat bedoel word met uitkomsgebaseerde regering; in staat wees om die voordele van effektiewe prestasiebestuur te identifiseer en in staat wees om 'n model vir prestasieaanduiders, en 'n model vir doel en standaarde te ontwikkel, sowel as 'n model vir die evaluering en monitering van bogenoemde.			
MODULEKODE: HPGA618	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7	KREDIETE: 16
TITEL: OPENBARE MESELIKE HULPBRONBESTUUR			
Studente moet in staat wees om te verduidelik hoe wetgewing sedert 1994 MHB verander het; om 'n model vir 'n openbare menslike hulpbronnensisteem strategies te beplan; en om in die funksionele areas van menslike hulpbronvoorsiening, -gebruik, dissipline en -terminering te praktiseer.			
MODULEKODE: HPGA621	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 7	KREDIETE: 16
TITEL: BELEIDSANALISE EN –IMPLEMENTERING (BEPLANNING)			
Die student sal in staat wees om beleidbepalingsproses en hoe beleidsanalise binne hierdie proses onderneem word te verstaan asook hoe beplan moet word om beleid te implementeer (visie / missie / doelstellings / strategie / programme).			

MODULEKODE: HPGA6232	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 7	KREDIETE: 16
TITEL: PROJEKBESTUUR (EKONOMIE)			
Die student sal in staat wees om te verstaan hoe die finansiële proses in die owerheidsektor werk en hoe dit binne die regeringsopset (sentraal / provinsiaal / munisipaal) gevestig word asook wat die rol van die openbare finansiële bestuurder in die proses is.			
MODULEKODE: HPGA624	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 7	KREDIETE: 16
TITEL: MUNISIPALE BESTUUR			
Die student sal in staat wees om die munisipale omgewing te verstaan en te kan omskryf watter faktore 'n invloed op dienslewering en die bestuur daarvan het; die bestuursaspekte van toepassing in munisipale owerhede in konteks te kan plaas met munisipale werksaamhede.			
MODULEKODE HPGA625	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 7	KREDIETE: 16
TITEL: BESTUUR VIR VOLHOUBARE ONTWIKKELING			
Die student moet in staat wees om sosiale probleme wat in ag geneem moet word ten einde volhoubare ontwikkeling te verseker, te ontleed; en om basiese tegnieke toe te pas in die bestuur van sosiale probleme ten einde volhoubare ontwikkeling te verwesenlik.			
MODULEKODE: HPGV613	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7	KREDIETE: 32
TITEL: INTERNASIONALE BETREKKINGE			
Die student behoort in staat te wees om kennis te demonstreer van die belangrikste internasionale politieke gebeure; die teoretiese onderbou van die verskillende perspektiewe op die internasionale politiek te identifiseer en kritiseer; die verskillende perspektiewe in verband te bring met belangrike huidige politiese gebeure; belangrike perspektiewe op internasionale politiek te vergelyk of in verband te bring met hedendaagse internasionale gebeure.			
MODULEKODE: HPGV618	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7	KREDIETE: 32
TITEL: VERGELYKENDE POLITIEK			
Die student behoort 'n wye spektrum politieke denkwyses, stelsels, gebeure, tendense en instellings met mekaar te kan vergelyk; gevolgtrekkings, verklarings en voorspellings te kan maak op grond van vergelyking; ooreenkomste, teenstrydighede en onderliggende voorveronderstellings te kan uitwys; vergelykings te kan toegelig en ontleed met voorbeelde uit die praktyk.			
MODULEKODE: HPGV619	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7	KREDIETE: 16
TITEL: POLITIEKE BESTUUR EN TRANSFORMASIE			
Die student moet in-diepte insig openbaar in die dinamika van die politieke transformasieproses wat tans in Suid Afrika plaasvind. Hierdie transformasie konteks sal veral in verband gebring word met behoeftebevrediging, asook die sterk en swakpunte inherent aan die huidige Suid-Afrikaanse politieke bedeling.			
MODULEKODE: HRMA612	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8	
TITEL: PSIGOLOGIESE EVALUERING, WERWING, KEURING EN PLASING			
Module-uitkomst:			
<ul style="list-style-type: none"> • Ken en verstaan die beginsels van psigometriese evaluering. • Ken en verstaan die verantwoordelikhede van assesseringspraktyse. • Weet watter toetse geregistreerde psigometriste mag gebruik binne die werks- en onderrigkontekste op nasionale en internasionale vlak. • Ken en verstaan die etiek betrokke in die psigologiese evaluering van individue. • Ken en verstaan die doelwitte van regverdige en etiese keuring in assesseringspraktyke. Verstaan die faktore wat kandidate se persepsies van regverdige en etiese keuring en assesseringspraktyke beïnvloed. • Ken en verstaan die rol van relevante wetgewing. • Die vermoë om die rol van psigometriese toetse as deel van die keuringsproses te kan definieer. • Die vermoë om die volledige werwingsproses te kan bestuur. 			
Metode van aflerwing: Voltyds			

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwew assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word

MODULEKODE: HRMA621

SEMESTER 2

NKR-VLAK: 8

TITEL: PRAKTIESE WERK

Module-uitkomste:

- Ken en verstaan hoe om verskillende wyses van berading van individue in die werkplek (vir verskillende redes, insluitend aftrede, organisasie-transformasie, afdankings en ander krisisse) toe te pas en hoe om hierdie individue na die toepaslike professionele persoon, waar toepaslik, te verwys.
- Ken en verstaan hoe om kennis en vaardighede toe te pas om loopbaanbeplanningswerkswinkels en lewensvaardighede-werkswinkels aan studente en volwassenes in die werkplek te evalueer, voor te lê en te ontwikkel; om te weet en te verstaan hoe om die betekenis(se) wat werk en om te werk hou vir die moderne persoon prakties te bepaal; hoe optimale beroepskeuses gefasiliteer behoort te word; welke loopbaantake uitgevoer behoort te word in die verskillende loopbaanfases (ten opsigte van die spesifieke loopbaansake wat vorendag kom); en welke leerervaringe betrokke is wanneer beroepsaanpassings gefasiliteer word.
- Pas kennis en vaardighede toe om die aanpassing van werknemers in die werkplek te ondersoek en te fasiliteer.
- Pas kontekstuele kennis en vaardighede toe om te verseker dat die diverse kliëntebevolking op 'n wetenskaplike en regverdige wyse geëvalueer word.
- Pas kennis en vaardighede toe om poste volgens spesifieke kriteria te analiseer en saam te stel.
- Ken en verstaan 'n pos-evalueringstelsel sowel as die voorwaardes benodig vir sy effektiewe implementering.
- Maak deel uit van 'n paneel wat hierdie poste evalueer; die korrekte analise en gradering van hierdie poste.
- Ontwikkel 'n vergoedingstelsel gebaseer op prestasie.
- Stel bevoegdheidsprofile van verskillende poste op verskillende vlakke op.
- Stel 'n werwingsadvertensie vir 'n spesifieke pos saam.
- Ontwikkel 'n induksie-program vir nuwe werknemers; lewer die program en evalueer dit.
- Ontwikkel 'n gestruktureerde onderhoud vir 'n spesifieke pos, lei die lynbestuurders op en voer onderhoude met die kandidate op 'n wetenskaplike en regverdige wyse.
- Toon bevoegdheid in personeeladministrasie.
- Pas vaardighede toe om 'n wetenskaplike en regverdige prestasiebestuursproses te verseker.
- Ondersteun en verleen hulp in die ontwikkeling van 'n regstellende aksie-program binne die werkskonteks.
- Ontwikkel 'n opleidingsprogram vir lynbestuurders en lê die program voor en evalueer dit.
- Voer 'n organisasiediagnose binne 'n organisasie uit volgens die voorgeskrewe model, diagnoseer probleme en geleenthede in die organisasie op die korrekte wyse; skryf 'n verslag en lê 'n voorlegging voor rakende die diagnose.
- Lê 'n self-ontwikkelingsprogram aan werknemers van 'n organisasie voor en verleen hulp aan die lede om verandering en stres in die werkplek te hanteer.
- Maak aanbevelings ten opsigte van organisatoriese sosialiseringsmeganismes wat gebruik kan word of organisasie-doeltreffendheid te verseker.
- Maak gebruik van verkeie instrumente om die motiveringsvlakke van werknemers te ondersoek en maak aanbevelings rakende korrektiewe aksies.
- Fasiliteer 'n strategiese beplanningssessie en skryf 'n verslag oor die sessie.
- Selekteer, implementeer en evalueer organisasie-ontwikkelingsintervensies.
- Lê 'n diversiteitsopleidingsprogram voor en evalueer dit.
- Onderneem leierskapsontwikkeling volgens die voorgeskrewe riglyne.
- Identifiseer die lewensiklus van 'n organisasie volgens die korrekte maatstawwe en maak

aanbevelings oor hoe die effektiwiteit van die organisasie verbeter kan word.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word		
MODULEKODE: HRMA622	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: MENSEKAPASITEITSONTWIKKELING		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> • Verstaan en evalueer die organisasie se visie, waardes en strategiese doelwitte. • Rig mensehulpbronontwikkelingsaktiwiteite met inagneming van die nasionale opleidingstrategie. • Analyseer die eksterne en interne kragte wat 'n impak op opleiding en ontwikkeling het. • Formuleer 'n Mensehulpbronontwikkelingsmissie, hoof waardes en strategiese doelwitte (mensehulpbronontwikkelingsplan) wat korreleer met die organisasie se strategie. • Ondersoek en verkry kennis aangaande die behoeftes van kliënte van die mensehulpbronontwikkelingsdepartement (vermoëns van die opleidings- en ontwikkelingskonsultant, bevoegdheid-gebaseerde opleiding en ontwikkeling, prestasie-meting, modelle van identifisering, opleiding en ontwikkelingsbehoefte). • Die toepassing van kennis en vaardighede oor sielkundige sterkpunte om individue te evalueer en die skep van self-ontwikkelingsprogramme vir werknemers op verskillende vlakke van 'n onderneming. • Ontwerp en implementeer opleidingstrategieë om die gaping tussen opleidingsbehoefte en werklike werkvermoë toe te maak. • Verstaan en implementeer verskillende evaluasiestrategieë. • Verstaan en skets die verskillende rolle van die opleidings- en ontwikkelingskonsultant. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word		
MODULEKODE: HRMA623	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: MENSEHULPBRONBESTUURSTRATEGIEË		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> • Ken en verstaan die omvang, realiteite en kompleksiteite van personeelsielkunde en strategiese mensehulpbronbestuur, die verhouding tussen hierdie studie-area en die ander spesialis-velde binne bedryfsielkunde, sowel as die toepassing van hierdie kennis en begrip in terme van die oplos van komplekse mensehulpbronbestuursaspekte om sodoende by te dra tot die essensie van enige organisasie. • Ken en verstaan die aard van die gebruik van teorie en die stelselsteorie vir personeelsielkunde / strategiese mensehulpbronbestuur en beplanning, keuring van bestuurspersoneel (met assesseringsentra as keurings- en ontwikkelingsinstrument), strategiese lewering van personeel, strategiese prestasie-evaluasie, strategiese prestasiebestuur en beloning, evaluering van personeel-/mensehulpbronbestuursaktiwiteite/-funksies en die bestuur van die personeel/mensehulpbronfunksie. • Verstaan die komponente van 'n strategiese benadering tot mensehulpbronbeplanning. • Ken en verstaan die veranderlikes en veranderende tendense op 'n globale vlak wat mensehulpbronbestuur in Suid-Afrika affekteer. • Verduidelik die tendense en veranderlikes binne die breë Suid-Afrikaanse sosiale, politieke en ekonomiese omgewing wat implikasies inhou vir die bestuur van mense wat binne Suid-Afrikaanse organisasies werk. • Verduidelik die huidige status van die Suid-Afrikaanse ekonomie (in vergelyking met internasionale standaarde) en hoe dit verband hou met mensehulpbronbestuur. • Toon 'n begrip van die impak en effek van die internasionale ekonomie op Suid-Afrikaanse organisasies. • Verstaan die dinamiek van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark. • Pas kennis toe rakende omgewingstendense om mensehulpbronprobleme en - 		

geleentheid te verstaan, te voorspel en te bestuur.		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word		
MODULEKODE: HRMA 873	JAARMODULE	NKR-VLAK: 9
TITEL: SKRIPSIE		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> Evalueer en integreer mensehulpbronliteratuur om navorsingsgeleentheid en oplossings tot probleme te identifiseer; Pas kennis en vaardighede toe om wetenskaplike empiriese navorsing van beperkte omvang te onderneem, maak geldige gevolgtrekkings en stel relevante aanbevelings voor. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word		
MODULEKODE: HRMA 874	JAARMODULE	NKR-VLAK: 9
TITEL: WETENSKAPBEREDENERING		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> Om die leerder vertrouwd te maak met die dimensies en metodes van psigologiese navorsing; Om die leerder te oriënteer om 'n ingeligte keuse vanuit die groot aantal alternatiewe metodes en eksperimentele ontwerpe beskikbaar, te maak; Om dit vir die leerder moontlik te maak om 'n goeie navorsingsvoorstel voor te lê (e.g. sy/haar moontlike tesis/skripsie); Om die leerder te bemagtig met die kennis en vaardighede wat hulle benodig om 'n navorsingsprojek te onderneem, om 'n konferensievoordrag te lewer en om 'n wetenskaplike artikel te skryf. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Die summatiwe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word		
MODULEKODE: HRMA 875	JAARMODULE	NKR-VLAK: 9
TITEL: MENSONTWIKKELING/STRATEGIESE MENSEHULPBRONBESTUUR		
Module-uitkomste:		
<p>Na die voltooiing van hierdie kursus, moet jy in staat wees om die rol van die Menslike Hulpbronne-afdeling in die bereik van organisasie doelwitte krities te kan bespreek. Dit is belangrik dat jy die nodige insig toon om jou eie mening rakende die strategiese rol van die menslike hulpbronne bestuur funksie te vorm.</p> <p>Na die afloop van hierdie kursus moet jy in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die omvang, realiteite en kompleksiteite van strategiese menslike hulpbronnebestuur, sowel as die toepassing van hierdie kennis en begrip in terme van die oplos van komplekse menslike hulpbronnebestuur kwessies te ken en verstaan, om sodoende by te dra tot die winsgewendheid van enige organisasie; Die komponente van 'n strategiese benadering tot die bestuur van mense te verstaan; Die eienskappe van 'n suksesvolle Strategiese Menslike Hulpbronnebestuur (SMHB) beampte/vakkundige te ken en te verstaan; Te verstaan wat vaardighede die grootste impak op die prestasie van die SMHB professionele het en hierdie vaardighede te ken; Te verstaan hoe SMHB vaardighede maatskappye se prestasie beïnvloed; Te kan evalueer hoe bevoeg jy as 'n professionele SMHB beampte/vakkundige is; 'n Prestasie bestuur strategie te kan formuleer; 'n Vergoedingstrategie te kan formuleer; 'n menslike hulpbronne etiek en risiko bestuurstrategie te kan formuleer; 		

<ul style="list-style-type: none"> • 'n Talent bestuurstrategie te kan formuleer; • 'n Leierskap ontwikkelings strategie te kan formuleer; en • Jou kennis in die praktyk toe te pas. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Die summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word		
MODULEKODE: IELS671	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
TITEL: INKLUSIEWE ONDERWYS EN LEERDERONDERSTEUNING		
<p>Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende demonstree:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n geïntegreerde en in-diepte kennis sowel as 'n omvattende begrip van die omvang van die teorieë oor inklusiewe onderwys; • geïntegreerde kennis en vaardighede om verskillende inklusiewe onderwys teoretiese perspektiewe krities te analiseer en te evalueer; • 'n hoë vlak van bevoegdheid om die verskillende inklusiewe onderwys teoretiese perspektiewe in 'n verskeidenheid kontekste toe te pas; • geïntegreerde kennis en vaardighede om verskeie leerondersteuningsbenaderings en tegnieke in 'n inklusiewe onderwys benadering ten opsigte van leerders se diverse behoeftes in 'n verskeidenheid van kontekste te analiseer en krities te evalueer; • geïntegreerde kennis van die verskillende fases in die leerondersteuningsproses en die toepassing daarvan op die beplanning van ondersteuning vir leerders met hindernisse tot leer; 'n toepaslike professionele houding teenoor etiese beginsels wat verband hou met die teoretiese perspektiewe van inklusiewe onderwys sowel as leerondersteuning benaderings en tegnieke 		
MODULEKODE: IOPS611	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: PSIGOMETRIKA		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> • Ken en verstaan die aspekte (e.g. etiek en regverdigheid) betrokke in psigometriese toetsing van mensehulpbronne. • Maak gebruik van die onderliggende beginsels van ontwikkeling, evaluering en toepassing van psigometriese meetinstrumente wat gebruik word in die werkplek vir diagnoses, prognoses en voorspelling van werkverwante gedrag. • Ken en verstaan psigometrie, toetsing en assessering wat die toetsproses vorm en ondersteun. • Maak gebruik van toetsing in 'n professionele en etiese wyse deur gebruik te maak van goeie toetspraktyke. • Die toepassing van kontekstuele kennis en vaardighede (relatief tot diverse kliënte-populasies wat geëvalueer kan word). 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word		
MODULEKODE: IOPS612	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: PSIGOLOGIESE EVALUERING & FORENSIESE SELKUNDE		
Module-uitkomste:		
Psigologiese assessering		
<ul style="list-style-type: none"> • Weet welke toetse geregistreerde psigometriste in die werks- en onderrigkontekste op nasionale en internasionale vlak mag gebruik. • Ken en verstaan die beginsels van psigometriese evaluering. • Ken en verstaan die verskeidenheid psigologiese toetse wat geregistreerde psigometriste op nasionale en internasionale vlak mag gebruik om 'n individu se vermoëns, persoonlikheid, belangstellings en motivering te meet. • Die toepassing van kennis en vaardighede om sodoende terugvoer te gee ten opsigte van 'n individu se funksionering, deur behandeling en/of verwysingsopsies aan te dui. • Die toepassing van kennis en vaardighede om sodoende terugvoer te gee aan individue 		

en om groei te stimuleer.

- Ken en verstaan die etiek betrokke in die psigologiese evaluering van individue.
- Die toepassing van kennis en vaardighede om gebruik te maak van tegnies-betroubare toetse, om die nodige voorbereiding vir 'n toetsessie te doen, om toetse te administreer in gestandaardiseerde omstandighede, om die toets na te sien, te analiseer en te interpreteer en om terugvoer te verskaf.
- Die toepassing van gebeurlike bestuursvaardighede om toetsverwante probleme te hanteer.

Forensiese sielkunde

- Om kennis te toon oor die praktyk van die forensiese bedryfsielkundige as 'n kundigheidsveld.
- Om kennis en insig te toon oor die biologie van breinfunksionering om verstandelike bevoegdheid te assesser en te voorspel.
- Ken en verstaan regsprosesse en die regstelsel in Suid-Afrika met 'n klem op siviele prosesreg en die regspraak van howe en hofreëls.
- Om forensiese verslae saam te stel na kundige inligting in gegewe gevallestudies geanaliseer is.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word

MODULEKODE: IOPS613

SEMESTER 1

NKR-VLAK: 8

TITEL: ORGANISASIEGEDRAG

Module-uitkomste:

- Besit 'n volledige en stelselmatige kennis van die wêreld van Organisasiegedrag en van diversiteitsbestuur, en van die rol van individue, groepe en groepsprosesse in Organisasiegedrag (leerdoelwitte vir elke hoofstuk).
- Toon vaardighede gebaseer op 'n ingeligte begrip van teorieë en konsepte, om uitdagings en aspekte te identifiseer wat te doen het met die wêreld van Organisasiegedrag, diversiteitsbestuur, die rolle van individue en groepe en groepsprosesse in Organisasiegedrag (oefeninge).
- Besit die vermoë om 'n literatuur- en omgewingsoorsig te onderneem, 'n basiese verslag oor uitdagings en aspekte in die hantering van die wêreld van Organisasiegedrag, diversiteitsbestuur, die rolle van individue en groepe en groepsprosesse in Organisasiegedrag saam te stel, individueel of as lid van 'n span, en om die verslag skriftelik sowel as verbaal te kommunikeer (opdragte).

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word

MODULEKODE: IOPS614

SEMESTER 1

NKR-VLAK: 8

TITEL: NAVORSINGSMETODOLOGIE

Module-uitkomste:

- Ken en verstaan die dimensies van sosiale wetenskappe-navorsing en die toepassing van 'n geïntegreerde model van wetenskaplike navorsing in bedryfsielkundige navorsing.
- Ken en verstaan paradigma-perspektiewe en identifiseer sentrale aspekte binne die verskillende paradigmas.
- Ken en verstaan die fokusareas van navorsing aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).
- Ken die navorsingsinstrumente en pas hulle toe.
- Ken die komponente van navorsingsprobleme en wees in staat om 'n probleemstelling te formuleer en om die kennis en vaardighede toe te pas om sodoende 'n verwysingslys volgens die APA-riglyne te ontwikkel.
- Formuleer riglyne om etiese psigologiese navorsing te verseker.

<ul style="list-style-type: none"> • Ken die komponente van 'n navorsingsvoorstel en wees in staat om 'n navorsingsvoorstel te skryf. • Ken en verstaan die verskillende vorms navorsing en demonstreer hoe geldige gevolgtrekkings gepromoveer kan word. • Evalueer die verskillende proefsteekmetodes sowel as faktore wat die proefsteekmonstergrootte beïnvloed. • Evalueer die verskillende navorsingsontwerpe, toon hoe vooroordeel in die ontwerp beheer kan word. demonstreer kennis rakende die keuse en/of ontwikkeling van meetinstrumente en beskryf hoe resultate voorgelê of geïnterpreteer kan word. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwede assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word		
MODULEKODE: IOPS615	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: LOOPBAANSIELKUNDE		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> • Ken en verstaan die konsep loopbaan en die historiese onderbou, aard en basisse van loopbaansielkunde en pas hierdie kennis en begrip toe om die verhouding tussen loopbaansielkunde en ander spesialis-velde van bedryfsielkunde te analiseer. • Ken en verstaan die betekenis en funksies van werk en die verhouding tussen werk en ontspanning van die hedendaagse werknemer en die toepassing van hierdie kennis en begrip om insig te bekom ten opsigte van die kontemporêre werkskietiek. • Ken en verstaan die verskillende teorieë van loopbaankeuse en aanpassing en pas hierdie kennis en begrip toe om insig te verkry tot die dinamiek van die verbetering van die eie en ander se werks-/loopbaankeuses en aanpassing. • Ken en verstaan die dinamiek van adolessente en volwasse loopbaangedrag, loopbaanontwikkeling en loopbaan selfbestuur (insluitend dié van persone vanuit minderheidsgroepe en spesiale groepe, soos werkende vroue en werknemers met gestremdhede) en die rol van die organisasie in hierdie verband en die toepassing van hierdie kennis en insig om die eie en ander se toetreding tot die werkswêreld, sosialisering, innovering, stabilisering, mid-loopbaan ervaring, laat-loopbaan ervarings en aanpassing tot aftrede te verbeter. • Ken en verstaan die dinamiek onderliggende aan huidige loopbaanaspekte en die toepassing van hierdie kennis en begrip in die hantering van die eie en ander se loopbaanaspekte en -probleme. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwede assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word		
MODULEKODE: IOPS616	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: WERKNEMERWELSTAND		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik die verskuiwing in werknemergesondheid en -welstandsvoorsiening. • Verduidelik en verstaan die holistiese model van werksverwante welstand. • Verduidelik die filosofie van en verskuiwing na bestuurde welstandsoorg. • Pas kennis toe om welstand in die organisasie te bestuur. • Lê werknemergesondheid en -welstand aan bestuur voor as besigheidsgeval. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwede assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word		
MODULEKODE: IOPS617	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: ORGANISASIE-ONTWIKKELING		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> • Verstaan en evalueer die konsep, komponente en eienskappe van organisasie- 		

ontwikkeling.		
<ul style="list-style-type: none"> Die toepassing van kennis en vaardighede om organisasie-funksionering en -veranderinge te verduidelik. Ken en verstaan die aard van huidige en toekomstige veranderinge wat 'n invloed op organisasies kan hê, sowel as die strategieë wat organisasies kan gebruik om hierdie veranderinge aan te spreek. Evalueer die rol van paradigmas in veranderingsbestuur. Ken en verstaan proseskonsultasie as 'n organisatoriese ontwikkelingsintervensie en pas proseskonsultasie-vaardighede in die diagnose en intervensie in organisasies toe. Die toepassing van kennis en vaardighede rakende organisasie-diagnoses om sodoende probleme aan te spreek en om geleenthede binne die organisasie te identifiseer. Die toepassing van kennis en vaardighede om organisasie-ontwikkelingstrategieë (op individuele, groeps-, en organisasievlak) te evalueer en binne organisasies in te gryp. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwew assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word		
MODULEKODE: IOPS618	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 8
TITEL: OUTENTIEKE HULPVERLENING		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> Besit algehele kennis van die beginsels, teorie en funksionering van 'n toepaslike fasiliteringsmodel, om die kennis deur middel van die analise en evaluasie van sielkundige probleme soos emosionele aspekte toe te pas, en om in staat te wees om probleme te parafraseer en te verduidelik deur fasiliteringsvaardighede in die toepassing van effektiewe probleemoplossingsdoelwitte toe te pas, sowel as om relevante fasiliteringstrategieë te identifiseer wat in 'n strategiese plan geïntegreer kan word as deel van 'n welstand bevorderingsmodel van 'n organisasie en om oplossings tot probleme te genereer wat op beproefde argumente gebaseer is. Vind, interpreteer, integreer en gebruik relevante literatuur om sodoende relevante navorsingsmetodes en -tegnieke te gebruik om 'n wye verskeidenheid komplekse probleme en aspekte na te vors, en om die resultaat skriftelik sowel as verbaal te kommunikeer deur middel van inligtingstechnologie. Om die beginsels geassosieer met hierdie module binne 'n etiese kognitiewe raamwerk toe te pas. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwew assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word		
MODULEKODE: IOPS622	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: NAVORSINGSVERSLAG		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> Die toepassing van kennis en vaardighede om 'n wetenskaplike, empiriese navorsingsprojek van beperkte omvang uit te voer, waar geldige gevolgtrekkings en relevante aanbevelings gemaak kan word. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwew assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundi aangedui word.		
MODULEKODE: IOPS624	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 8
TITEL: GEVORDERDE PRAKTIESE WERK		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> Ken verskillende wyses om berading aan mense in die werkplek te verleen, en pas dit toe. Wees in staat om mense na ander professionele persone te verwys, waar nodig. Die toepassing van kennis en vaardighede om aan mense wat aftree, berading te verskaf. Die toepassing van kennis en vaardighede om die aanpassing van werknemers in die 		

<p>werkplek te ondersoek en te fasiliteer.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die toepassing van vaardighede om aan mense met behoeftes (e.g. gedurende organisasietransformasie, afdankings en ander krisis) te verskaf. • Identifiseer die verskillende simptome van die verskillende vorms van psigopatologie binne die werkskonteks en wees in staat om hulle volgens die internasionale model (e.g. DSM IV) te diagnoseer. • Verstaan die psigodinamiek onderliggend aan psigopatologie. • Die toepassing van kennis en vaardighede om die toepassing van etiek en regverdigheid in die gebruik van psigometriese assesseringsinstrumente te verseker. • Die toepassing van psigometriese kennis en vaardighede om 'n diagnose, prognose en voorspelling van werkverwante gedrag te maak. • Maak gebruik van toetse en vraelyste in 'n professionele en etiese wyse deur goeie toetspraktyke te volg. • Die toepassing van konseptuele kennis en vaardighede om te verseker dat die diverse kliënte-populasie wetenskaplik en regverdig geassesseer word. • Die toepassing van kennis en vaardighede om terugvoer te verskaf aan individue en om groei te stimuleer. • Maak gebruik van tegniese-betroubare toetse en vraelyste, doen die nodige voorbereidings vir die toets-sessie, pas die toetse en vraelyste toe onder gestandaardiseerde omstandighede, sien die toetse na, analiseer die resultate en interpreteer die resultate volgens die voorgeskrewe prosedures en verskaf terugvoer. • Die toepassing van gebeurlike bestuursvaardighede om toets-verwante probleme te hanteer. • Gebruik verskeie instrumente om die motiveringsvlakke van werknemers te ondersoek en stel korrektiewe aksies voor, en gebruik die aksie-navorsingsmodel effektief. 		
Metode van aflewering: Voltyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwew assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op Efundu aangedui word		
MODULEKODE: IOPS 873	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
TITEL: MINI-SKRIPSIE		
Module-uitkomst:		
<ul style="list-style-type: none"> • Evalueer en integreer bdyrfsielkundige literatuur om navorsingsgeleenthede en oplossings vir probleme te identifiseer; • Pas kennis en vaardighede toe om wetenskaplike empiriese navorsing, van beperkte omvang, te doen en tot geldige gevolgtrekkings te kom en toepaslike aanbevelings te maak. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Die summatiwew assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word		
MODULEKODE: IOPS874	JAARMODULE	NKR-VLAK: 9
TITEL: WETENSKAPBEREDENERING		
Module-uitkomst:		
<ul style="list-style-type: none"> • Om die leerder vertrou te maak met die dimensies en metodes van psigologiese navorsing; • Om die leerder te oriënteer om 'n ingeligte keuse vanuit die groot aantal alternatiewe metodes en eksperimentele ontwerpe beskikbaar, te maak; • Om dit vir die leerder moontlik te maak om 'n goeie navorsingsvoorstel voor te lê (e.g. sy/haar moontlike tesis/skripsie); • Om die leerder te bemagtig met die kennis en vaardighede wat hulle benodig om 'n navorsingsprojek te onderneem, om 'n konferensievoordrag te lewer en om 'n wetenskaplike artikel te skryf. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes:		

MODULEKODE: IOPS875	JAARMODULE	NKR-VLAK: 9
TITEL: MENSONTWIKKELING		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> Gedurende hierdie module poog ons om 'n deeglike ontleding te doen van die rol en funksie van opleiding en ontwikkeling binne die Siuid-afrikaanse konteks. Na afhandeling van hierdie module moet die student die rol wat die opleidings- en ontwikkelingsdepartement speel om die doelwitte van die organisasie te bereik, krities kan bespreek. Dit is belangrik dat studente die nodige insig openbaar om hul eie opinies ten opsigte van opleiding en ontwikkeling te vorm. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwew assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word		
MODULEKODE: IOPS876	JAARMODULE	NKR-VLAK: 9
TITEL: PROFESSIONELE BEDRYFSIELKUNDE		
Module-uitkomste:		
Na voltooiing van hierdie module moet leerders insig in nuwe ontwikkelings in die veld van Bedryfsielkunde en Mensehulpbronbestuur hê. Sommige onderwerpe, wat reeds vir baie jare bekend is, word ingesluit indien dit steeds 'n groot invloed het op organisasies en die bestuur van organisasies.		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwew assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word		
MODULEKODE: IOPS877	JAARMODULE	NKR-VLAK: 9
TITEL: WELSTAND		
Module-uitkomste:		
Die doel van hierdie module is om studente by te staan in die formulering van hul eie verstandelike paradigmas wat hul sal lei in hul rolle as besigheidsvennote. Die essensie is om die student te verskaf met 'n veilige omgewing om sy/haar verstand te dryf en om vertroue in hul eie gedagtes te ontwikkel.		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwew assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word		
MODULEKODE: IOPS878	JAARMODULE	NKR-VLAK: 9
TITEL: TOEGEPASTE BERADING		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> Om die student te sensitiseer tot konstruktiewe interpersoonlike funksionering; Om die student te bemagtig met die kennis en vaardighede wat hulle benodig om 'n helpende proses te bestuur; Om die student vertrouwd te maak met die dimensies van sensitiewe verhoudinge; Om die leerder te oriënteer ten opsigte van die verskillende modelle en prosesse van berading; Om dit vir die leerder moontlik te maak om die basiese vaardighede van berading en traumabestuur toe te pas. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiwew assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word		
MODULEKODE: IOPS971	JAARMODULE	NKR-VLAK: 9
TITEL: PROEFSKRIF		
Module-uitkomste:		
<ul style="list-style-type: none"> Identifiseer die effekte van werk en die organisasie op die stand van welstand in individue; Identifiseer die uitkomste van werkverwante welstand vir die individu, groep en organisasie; Identifiseer die effekte van nie-werk op die stand van welstand in individue sowel as die 		

<p>effek op die organisasie;</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pas verskeie paradigmas (insluitend positiewe sielkunde) toe op ons navorsing en praktyk; • Pas multikulturele perspektiewe en metodes toe in ons navorsing en praktyk; en • Ontwikkel en evalueer die effektiwiteit en doeltreffendheid van intervensies en pas die resultate toe om werkverwante welstand in Suid-Afrikaanse organisasies te promoveer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en deelyds		
Assesseringsmetodes: Die formatiewe en summatiewe assesseringsmetodes en gewigte sal in die studiegids en op e-Fundi aangedui word		
MODULEKODE: LPRA671 (24)	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
TITEL: TEORIE VAN DIE TAALPRAKTYK		
<p>Na voltooiing van die module moet die student oor 'n volledige, ingeligte en sistematiese kennis beskik van die vernaamste historiese en kontemporêre ontwikkelings in die taalpraktykteorie; beginsels, tegnieke en teoretiese benaderings binne die konteks van vertaalkunde tydens toepassing op sowel teorie as praktyk te kan selekteer, toepas en integreer; onbekende konkrete en abstrakte vertaalprobleme te kan identifiseer en oplos deur middel van gesofistikeerde teoretiese oorweging, asook die sukses van sodanige oplossings te kan assessee; kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting ten opsigte van vertaalteorie en die effektiewe aanwending van bronne te identifiseer, versamel, analiseer en sintetiseer; en akademies-professionele werk voor verskeie gehore ten opsigte van vertaalteorie effektief en toepaslik te kan aanbied en kommunikeer.</p>		
MODULEKODE:LPRA688 (24)	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
TITEL: OUDIOVISUELE VERTALING: ONDESKRIFSKRYWING EN OUDIOBESKRYWING		
<p>Module Outcomes: Upon successful completion of this module the student should be able to: demonstrate a comprehensive, informed and systematic understanding of the theory and practice of audiovisual translation, including subtitling, dubbing, respoken and audio-description; select, apply and integrate principles, techniques and theoretical approaches from audiovisual translation in order to produce professionally acceptable language products; identify and solve unfamiliar concrete and abstract audiovisual translation problems by using appropriate aids for language practice together with sophisticated theoretical reflection, and assess the success of solutions; identify, collect, analyse and synthesis quantitative and qualitative information on audiovisual translation and use sources appropriately; and present and communicate academic-professional work on audiovisual translation effectively and appropriately to a variety of audiences.</p>		
MODULEKODE:LPRA675 (24)	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
TITEL: LITERÊRE VERTALING		
<p>Na voltooiing van die module moet die student oor 'n volledige, ingeligte en sistematiese kennis beskik van die vernaamste historiese en kontemporêre ontwikkelings in die praktyk en teorie van literêre vertaling; beginsels, tegnieke en teoretiese benaderings binne die konteks van literêre vertaling tydens toepassing op sowel teorie as praktyk te kan selekteer, toepas en integreer ten einde aanvaarbare literêre vertalings te lewer; onbekende konkrete en abstrakte vertaalprobleme in literêre vertalings te kan identifiseer en oplos deur middel van gesofistikeerde teoretiese oorweging, asook die sukses van sodanige oplossings te kan assessee; kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting ten opsigte van literêre vertaling en die effektiewe aanwending van bronne te identifiseer, versamel, analiseer en sintetiseer; en akademies-professionele werk voor verskeie gehore ten opsigte van literêre vertaling effektief en toepaslik te kan aanbied en kommunikeer.</p>		
MODULEKODE:LPRA676 (24)	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
TITEL: FILMSTUDIES		
<p>Na voltooiing van die module moet die student oor 'n volledige, ingeligte en sistematiese kennis beskik van die vernaamste historiese en kontemporêre ontwikkelings in filmstudies; beginsels, tegnieke en teoretiese benaderings binne die konteks van filmstudies tydens die analise van filmtekste te kan selekteer, toepas en integreer; onbekende konkrete en abstrakte probleme in filmstudies te kan identifiseer en oplos; kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting ten</p>		

opsigte van filmstudies en die effektiewe aanwending van bronne te identifiseer, versamel, analiseer en sintetiseer; en akademies-professionele werk voor verskeie gehore ten opsigte van filmstudies effektief en toepaslik te kan aanbied en kommunikeer.		
MODULEKODE: LPRA672 (32)	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
TITEL: SKRIPSIE EN INLEIDING TOT NAVORSING		
<p>Module Outcomes: Upon successful completion of this module the student should be able to: demonstrate a comprehensive, informed and systematic understanding of a chosen field in language practice in a research project; select, apply and integrate principles, techniques and theoretical approaches from a chosen field in language practice for a research project; identify and solve unfamiliar concrete and abstract language-practice problems by using appropriate aids for language practice together with sophisticated theoretical reflection, by means of a research project; identify, collect, analyse and synthesise quantitative and/OR qualitative information on a chosen language-practice problem in a research project; and present and communicate academic-professional work on a chosen problem in the field of language practice effectively and appropriately in a research project. Note: LPRA672 is a compulsory module.</p>		
MODULEKODE:LPRA686 (24)	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
TITEL:GESPECIALISEERDE VERTALING: RGV-HULPMIDDELS EN TEGNIESE VERTALING		
<p>Module Outcomes: Upon successful completion of this module the student should be able to: demonstrate a comprehensive, informed and systematic understanding of key historical and contemporary developments in the field of practical translation; select, apply and integrate principles, techniques and theoretical approaches in practical translation; identify and solve unfamiliar concrete and abstract translation problems; identify, collect, analyse and synthesise quantitative and qualitative information on practical translation issues and use sources appropriately; and present and communicate academic-professional work in practical translation effectively and appropriately to a variety of audiences.</p>		
MODULEKODE:LPRA687 (24)	JAARMODULE	NKR-VLAK: 8
TITEL: TEKSREDAKSIE		
<p>Module Outcomes: Upon successful completion of this module the student should be able to: demonstrate a comprehensive, informed and systematic understanding of key historical and contemporary developments in editing; select, apply and integrate principles, techniques and theoretical approaches within editing in practical editing work; identify and solve unfamiliar concrete and abstract editing problems; identify, collect, analyse and synthesise quantitative and qualitative information on editing and use sources appropriately; and present and communicate academic-professional work in editing effectively and appropriately to a variety of audiences.</p>		
MODULEKODE:LPRA683 (8)	JAARMODULE	NKR-VLAK
TITEL: INTERNSKAP		
